

Tree aan vir geloofswedloop



André Gobey

Op 'n drafstap

Daar was groot drama aan die einde van die Comrades-ultra-wedloop toe Charné Bosman Caroline Wöstmann in die laaste 2 km verbygesteek het nadat Wöstmann met erge krampe in haar kuite begin sukkel het.

Daarmee is die bordjies verhang nadat Bosman verlede jaar met die tweede plek tevrede moes wees toe Wöstmann die wedloop van vroeg af gelei en uiteindelik die titel agter haar naam verewig het.

Albei atlete bly en oefen in Pretoria waar hulle deur Lindsey Parry afgerig word.

David Gatebe het die mansafdeling in 'n nuwe rekordtyd van 05:18:19 ingepalm.

Die vorige rekord van 05:20:49

is in 2007 deur Leonid Shvetsov opgestel.

Nog 'n Pretorianer, Renier Grobler, het 19de geëindig en die eerste keer deur die droomgrens van 6 uur gebreek met 'n uitstekende tyd van 5:49:53.


■ Saterdag word die "Wedloop vir Geloof" deur die Run & Walk for Life-atletiekklub en die Silver Lakes-atletiekklub by Curro Hazeldean aangebied.

Dit volg 'n baie mooi roete deur die Silver Lakes-gholflandgoed en die Willow Acres-landgoed.

Die 10 km- en 15 km-wedloop begin om 07:00 en die 5 km-wedloop om 07:10.

Let daarop dat die 15 km-wedloop 'n gedeelte insluit wat nie geskik is vir rolstoelatlète en stootwaentjies nie, maar die 5 km-roete is ideaal vir almal.

Vanjaar het die wedloop ook Gauteng-Noord-ligastatus, wat beteken dat die klubs mekaar die stryd sal aansê om te bepaal wie hierdie jaar se klubkampioe-



Bo: Twee Pretorianers het Sondag eerste en tweede gekom in vanjaar se Comrades-ultra-wedloop. Charné Bosman (bo) het Caroline Wöstmann sowat 2 km voor die eindpunt verbygesteek nadat krampe Wöstmann 'n paar keer tot stilstand geruk en selfs laat omval het. Foto's: IAN CARBUTT

ne sal wees.

Ná vyf wedlope in die liga gee die Voortrekkermonument-atletiekklub die pas aan met die Eersterust-atletiekklub kort op hul hakke en die Pretoria Weer-mag-atletiekklub in die derde plek.

Vir meer inligting oor die "Wedloop vir Geloof", bel Daan du Toit by 082 572 4169 of Paul Kirby by 082 200 4219.

■ Stuur hardloop- en stapnuus na gobey@telkomsa.net.

André Gobey het die Comrades-wedloop in 8:35:17 voltooi.



Caroline Wöstmann